Ons is in die vierde week in Lydenstyd.

Die week se fokusteks is 1 ***Samuel*** 16:1-13.
Ander Tekste: ***Efesiërs*** 5:8-14 ***en Johannes*** 9:1-41

Dawid se salwing as koning van Israel gebeur op 'n kritieke moment in die groter verhaal: In die voorafgaande hoofstukke word geskryf hoe Saul gefaal en die Here hom as koning van Israel verwerp het. Nou volg die vertelling van hoe Dawid koning geword het. Die salwing deur die profeet Samuel dien as teken dat Dawid inderdaad God se keuse is – en dat God nie noodwendig kies soos mense tipies sou nie.